**Aline de Witt**

# Pase 2000

*In memoriam: J.J. Brits*

Saterdag vroegoggend
tussen kruisiging en opstanding
blaas hy sy laaste asem uit
juis nou
tussen duisternis en hemellig
terwyl ons swyend ademloos
reikhalsend wag op leë graf
en Maandag bêre hande hom
waar oë nie kan sien
in donker digte graf
juis daar
omstraal die lig van opstanding
sy liggaam in eng duisternis